education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**GESKIEDENIS VRAESTEL 1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS**

**STANDAARDGRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**503-2/1A**

GESKIEDENIS SG: Vraestel 1
Vraestel & Addendum

503 2 1A SG

**PUNTE: 150**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n ADDENDUM van 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat daar besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

6. Beantwoord DRIE vrae.

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: DIE TYDPERK *SUID-AFRIKA 1948 TOT 1976* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Die tyd toegelaat vir hierdie vraestel moet oordeelkundig in die beantwoording van die vrae aangewend word, verkieslik sowat 50 minute per vraag.

9. Die blote oorskryf van die bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.

10. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: DIE TYDPERD 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 1A

Bespreek die verskillende faktore wat tot die totstandkoming (1934) en die skeuring (1939) van die Verenigde Party gelei het. **[50]**

**OF**

### VRAAG 1B

Verduidelik waarom die val van die Verenigde Party van generaal JC Smuts in 1948 onafwendbaar was na die 1943-verkiesing. **[50]**

### VRAAG 2: DIE TYDPERK 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 2A

Bespreek die buiteparlementêre dade van weerstand teen die apartheidsregering tussen 1948 en 1958. **[50]**

**OF**

### VRAAG 2B

Verduidelik hoe die weerstand teen die apartheidsregering tussen 1960 en 1976 in intensiteit toegeneem het. **[50]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3: DIE TYDPERK 1976 TOT 1994**

**VRAAG 3A**

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

Verduidelik hoe die 1983-Grondwet weerstand teen die apartheidsregering verhoog het tot 1989. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Beskryf die belangrike politieke gebeure tussen 1990 en 1994 wat bygedra het daartoe dat Suid-Afrika 'n demokrasie geword het. **[50]**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: DIE TYDPERK 1924 TOT 1948

### 4.1 WAAROM IS DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS YOUTH LEAGUE (ANCYL) (JEUGLIGA) IN DIE 1940's GEVORM?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

(a) Watter kwaliteite van Anton Lembede het Nelson Mandela magneties (aantreklik) gevind? (2 x 1) (2)

(b) Hoe het Lembede Mandela se denke rakende Afrika-nasionalisme beïnvloed? (2 x 2) (4)

(c) Wat was volgens Bron 4A sommige van die kritiek wat teen die ANC gerig is? (2 x 1) (2)

(d) Waarom, dink jy, was daar 'n behoefte daaraan om 'vuur te maak onder die leiers van die ANC'? (2 x 2) (4)

(e) Verduidelik waarom Mandela die stigting van die ANCYL (Jeugliga) as betekenisvol beskou het. (2 x 2) (4)

(f) Met verwysing na die handtekeninge op die bywoningsregister, verduidelik waarom 'n historikus hierdie dokument nuttig sal vind in die bestudering van die ANCYL. (2 x 2) (4)

4.1.2 Bestudeer Bron 4B.

(a) Waarom, volgens die ANCYL, sou hulle 'nie toelaat dat die stryd en opofferings van hulle vaders vergeefs was nie'? (2 x 2) (4)

(b) Waarom het die jeug gevoel dat hulle die 'breintrust en kragstasie' van die gees van Afrika-nasionalisme' moet wees? (2 x 2) (4)

4.1.3 Verwys na Bronne 4A en 4B. Hoe ondersteun die bewyse in Bron 4B Bron 4A met betrekking tot die totstandkoming van die ANCYL? (2 x 2) (4)

4.1.4 Gebruik Bron 4C.

(a) Watter faktore het die opkoms van Afrika-nasionalisme beïnvloed? (2 x 1) (2)

(b) Watter TWEE beginsels het volgens Lembede die basis van Afrika-nasionalisme gevorm? (2 x 1) (2)

(c) Gebruik die inligting uit die bron, asook jou eie kennis om te verduidelik of jy saamstem met Lembede se standpunt: 'Afrika is 'n swartman se land'. (2 x 2) (4)

4.1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) oor die faktore wat tot die totstandkoming van die ANCYL (Jeugliga) gelei het. (10)

**[50]**

## VRAAG 5: DIE TYDPERK 1948 TOT 1976

### 5.1 WAAROM WAS DIE HOOGVERRAADVERHOOR VAN DIE 1950's 'N BETEKENISVOLLE GEBEURTENIS IN SUID-AFRIKAANSE POLITIEK?

Bestudeer Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

(a) Waarom is mense op 5 Desember 1956 gearresteer en aangekla? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik wat Anthony Sampson bedoel het met 'Suid-Afrika se ware opposisie'. (2 x 2) (4)

(c) Verduidelik waarom die Hoogverraadverhoor soveel publisiteit dwarsoor die wêreld gekry het. (2 x 2) (4)

(d) Volgens die bron, wat was die finale uitslag van die Hoogverraadverhoor in Maart 1961? (2 x 1) (2)

5.1.2 Bestudeer Bron 5B.

(a) Beskryf waarom dit vir die fotograaf in Bron 5B nodig geword het om 'n aantal foto's te neem. (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron as 'n bewysstuk vir 'n historikus om die Hoogverraadverhoor te bestudeer. (2 x 2) (4)

5.1.3 Watter bewyse is daar in Bronne 5A en 5B wat suggereer dat mense van alle rasse in 1956 vir hoogverraad gearresteer is? (2 x 2) (4)

5.1.4 Verwys na Bron 5C.

(a) Wat sê die reël 'die woorde het na my toe uitgespring' vir jou oor Nelson Mandela se reaksie op sy arrestasie? (1 x 2) (2)

(b) Hoe is die regte van die aangeklaagdes geskend terwyl hulle in aanhouding was? (3 x 2) (6)

(c) Waarom dink jy het die regering besluit om die verhoor van Johannesburg na Pretoria te verskuif? (2 x 2) (4)

(d) Verduidelik waarom die apartheidsregering verleë was oor die uitslag van die verhoor. (1 x 2) (2)

(e) In watter opsig is die uitslag van die verhoor gesien as 'n morele oorwinning vir die kongresbeweging? (1 x 2) (2)

5.1.5 Gebruik die inligting vanuit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) om te verduidelik waarom die Hoogverraadverhore betekenisvol was in Suid-Afrikaanse politiek in die 1950's. (10)
**[50]**

## VRAAG 6: DIE TYDPERK 1976 TOT 1994

### 6.1 HOE EFFEKTIEF WAS STUDENTEWEERSTAND IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's?

Gebruik Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

(a) Wat was die redes waarom Carter Ebrahim in 1985 meer as 460 skole in die Wes-Kaap gesluit het? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik of die stappe wat die polisie teen onderwysers en leerders gedoen het, geregverdig kan word. (2 x 2) (4)

(c) Beskryf die stappe wat deur die ouers, onderwysers en leerders gedoen is om Carter Ebrahim se versoek om nie skool by te woon nie, uit te daag. (2 x 2) (4)

(d) Volgens 'n ooggetuie se verslag is een van die jeugdiges in die rug geskiet. Wat vertel dit jou van die Suid-Afrikaanse Polisie se houding teenoor studente-opstande in die 1980's? (2 x 2) (4)

(e) Watter invloed/effek het die sluiting van skole op onderwys in die Wes-Kaap gehad? (2 x 2) (4)

6.1.2 Verwys na Bron 6B.

(a) Lewer kommentaar oor hoe Bron 6B die bewyse in Bron 6A ondersteun. (4 x 2) (8)

(b) Verduidelik wat met 'Trojaanse Perd-slagtings' bedoel word. (2 x 2) (4)

6.1.3 Verwys na Bron 6 C.

(a) Watter TWEE organisasies was verantwoordelik vir die Onderwyshandvesveldtog (EDCC)? (2 x 1) (2)

(b) Waarom is hierdie veldtog in die 1980's geloods? (1 x 2) (2)

(c) Waarom dink jy het die organiseerders van die veldtog 'n aanhaling van dr. Alan Boesak in hulle pamflet gebruik? (2 x 2) (4)

(d) Met verwysing na die doelwitte en oogmerke van die EDCC, verduidelik hoe hierdie veldtog studentepolitiek in die 1980's beïnvloed het. (2 x 2) (4)

6.1.4 Gebruik die inligting uit al die bronne, asook jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy die rol wat studente (leerder)-politiek teen apartheid in die 1980's gespeel het, verduidelik. (8)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

# GESKIEDENIS VRAESTEL 1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

# ADDENDUM

## STANDAARDGRAAD

## OKTOBER/NOVEMBER 2006

## 503-2/1A

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: DIE TYDPERK 1924 TOT 1948

### 4.1 WAAROM IS DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS YOUTH LEAGUE (ANCYL) (JEUGLIGA) IN DIE 1940's GEVORM?

**BRON 4A**

Die volgende uittreksel uit Nelson Mandela se outobiografie, *Long Walk to Freedom,* skets die redes vir die totstandkoming van die African National Congress Youth League in 1944.

Een aand in 1943 het ek by Walter Sisulu se huis vir Anton Lembede en AP Mda ontmoet. Van die oomblik wat ek Lembede hoor praat het, het ek geweet hier was 'n magnetiese persoonlikheid wat op 'n oorspronklike en dikwels verrassende wyse gedink het. Hy was toe een van die handjievol swart advokate/prokureurs in die hele Suid-Afrika en hy was die regsvennoot van dr. Pixley ka Seme, een van die stigterslede van die ANC.

Lembede het verklaar dat 'n nuwe gees besig was om 'n beroering onder die mense te bring, dat etniese verskille besig was om weg te smelt [en], dat jong mans en vroue hulleself eerstens en bowenal as Afrikane beskou het en nie as Xhosas, Ndebeles of Tswanas nie.

Lembede se standpunte het 'n snaar in my aangeraak. Ek was ook blootgestel aan verhewe (vaderlike) Britse kolonialisme en daardeur aangetrek om deur die wittes as 'gekultiveerd', 'progressief' en 'beskaafd' beskou te word. Soos Lembede, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die teenmiddel (medisyne) militante Afrika-nasionalisme was.

Baie het, miskien onregverdig, gevoel dat die ANC as geheel, die moeë, onmilitante, bevoorregte swart elite onderhou het wat meer bekommerd was om hulle eie regte, eerder as dié van die massas, te beskerm. Die algemene konsensus was dat stappe gedoen moes word en dr. Majombozi het die vorming van 'n Jeugaksie voorgestel as 'n wyse om vuur onder die leiers van die ANC te maak.


Die werklike stigting van die Jeugliga het op Paassondag 1944 in die Bantoemans Sosiale Sentrum in Eloffstraat plaasgevind. Daar was omtrent honderd mans, party het van sover as Pretoria af gekom. Jordan Ngubane, AP Mda and William Nkomo het almal gepraat en die opkomende gees van Afrika-nasionalisme beklemtoon. Takke is spoedig in al die provinsies gevestig.

Die primêre doel van die Jeugliga was om rigting aan die ANC te gee in sy stryd om politieke vryheid ...

**BRON VERVOLG OP VOLGENDE BLADSY**

**BRON VERVOLG VAN VORIGE BLADSY**

**Dit is 'n afskrif van die bywoningsregister van die eerste vergadering van die Jeugliga op 24 Februarie 1944 in Johannesburg.**



A.N.C. Youth League. 24/2/44

| Name | Address |
|---|---|
| [illegible] | 33a [illegible] St |
| [illegible] | 103 [illegible] Street Doornfontein |
| [illegible] | Medical School. |
| [illegible] | Box 4767 Johannesburg |
| O. R. Tambo. | Priory, Rosettenville. |
| N. R. Mandela | Box 5546, Johannesburg. |
| [illegible] | Medical School. |
| [illegible] | Box 7943 JHB. |
| A. P. Mda | No. 107, Orlando Township. |
| [illegible] | Box 6663, Johannesburg. |
| W. F. Nkomo | Medical School. |
| [illegible] | Priory Rosettenville |

**BRON 4B**

Dit is 'n uittreksel uit die Manifes wat deur die ANC-Jeugliga in 1944 opgestel is.

Die totstandkoming van die ANC Jeugliga is 'n antwoord en versekering aan die kritici van die nasionale beweging dat die swart jeug nie sal toelaat dat die stryd en opofferings van hulle vaders verniet was nie. Ons vaders het geveg sodat ons, beter toegerus wanneer ons beurt (tyd) kom, sou begin en aangaan waar hulle opgehou het.

Die stigting van hierdie [Jeug] Liga is 'n poging deur die Jeug om aan die Kongres 'n ware nasionale karakter te gee ...

Die Kongres Jeugliga moet die breintrust en kragstasie (opwekker) van die gees van Afrika-nasionalisme wees; die gees van swart selfbeskikking; die gees wat so duidelik in die denkrigting van die Jeug te bespeur is. Dit moet 'n organisasie wees waar jong swartmans en -vroue kan ontmoet en idees uitruil in 'n atmosfeer gevul (deurtrek) met 'n gemeenskaplike haat teen onderdrukking.

## BRON 4C

Dit is 'n uittreksel deur Anton Muziwakhe Lembede, die eerste president van die African National Congress Jeugliga (ANCYL). Dit het in *Inkundla ya Banti*, Mei 1946 verskyn.


**Anton Lembede het in 1944 die eerste president van die ANCYL geword. Hy was 'n waagmoedige denker, 'n uitstaande intellektueel en uitgesproke (goed ter tale). Hy het 'n onuitwisbare merk op die denke en aktiwiteite van die African National Congress (ANC) gemaak. Hy is in 1947 onder raaiselagtige omstandighede oorlede.**

Dwarsoor die wêreld verrys nasionalisme in verset teen vreemde oorheersing, verowering en onderdrukking in Indië, in Indonesië, in Egipte, in Persië en in verskeie ander lande. Onder Afrikane is daar ook duidelike tekens van nasionale ontwaking ... 'n Nuwe gees van Afrika- [swart-] nasionalisme, of Afrikanisme, bring ... 'n beroering onder die swart Afrikane-gemeenskap. 'n Jong, sterk nasie is in die proses van geboorte en te voorskyntreding. Die nasionale beweging, besiel (opgewek) deur die nasionale gees, word sterk en kry momentum. Afrika- [swart-] nasionalisme is gebaseer op die volgende beginsels:

1. Afrika is 'n swartmansland. Afrikane is die boorlinge van Afrika en hulle bewoon Afrika, hulle eeu-oue moederland; Afrika behoort aan hulle.

2. Afrikane is ['n] eenheid. Uit diverse (verskeie) stamme moet daar 'n verenigde volk na vore kom. Die basis van nasionale eenheid is die nasionalistiese gevoel van die Afrikane, die gevoel om 'n Afrikaan te wees, ongeag stamverwantskap, sosiale status, opvoedkundige prestasies of ekonomiese klas ... Afrika [swart] nasionale vryheid, dan sosialisme. Afrikane is van nature sosialisties soos geïllustreer deur hulle sosiale gebruike en gewoontes. Die verkryging van nasionale vryheid sal daarom 'n nuwe era van Afrika-sosialisme bring. Ons onmiddellike taak is egter nie sosialisme nie, maar nasionale bevryding.

**Anton Lembede, eerste President van die ANCYL.**



## VRAAG 5: DIE TYDPERK 1948 TOT 1976

### 5.1 WAAROM WAS DIE HOOGVERRAADVERHOOR VAN DIE 1950's 'N BETEKENISVOLLE GEBEURTENIS IN SUID-AFRIKAANSE POLITIEK?

### BRON 5A

Hierdie uittreksel uit *Every Step of the Way,* gepubliseer deur die Departement van Onderwys in 2004, skets besonderhede oor die Hoogverraadverhoor in 1956.

Die regering se advokate was oortuig dat die Kongres van die Volk (wat die Vryheidsverdrag ['Freedom Charter'] opgestel het) meer as genoeg bewyse verskaf het van 'n sameswering om die regering omver te werp. Dus, teen dagbreek op 5 Desember 1956, het die polisie op meer as 'n 100 huishoudings dwarsoor die land toegeslaan en volgens Anthony Sampson, 'n joernalis van *Drum* -tydskrif, 'Suid-Afrika se ware opposisie' gearresteer.


In totaal is 156 mense gearresteer en aangekla. Dit was die begin van een van die langste en mees futiele [vrugtelose] politieke verhore in Suid-Afrika. Onder die aangeklaagdes was Albert Luthuli, ZK Matthews, Nelson Mandela, Walter Sisulu, Oliver Tambo, Helen Joseph, kommuniste Ruth First en haar eggenoot, Joe Slovo en Ahmed Kathrada. Onder die gearresteerdes was 105 swartes, 23 blankes, 21 Indiërs en 7 Kleurlinge.

'n Hoogverraad-verdedigingsfonds is in Suid-Afrika en in Londen gestig. Dit was die voorloper van die Verdediging-en-Hulpfonds, wat vir die volgende drie dekades 'n sleutelrol in die stryd teen apartheid sou speel.

Teen die tyd dat die verhoor in 1961 beëindig is, is aanklagte teruggetrek teen almal behalwe 30 van die 156 en die regters het bevind dat selfs teen hierdie individue, die regering in gebreke gebly het om hulle saak te bewys. Almal is vrygespreek.

**BRON 5B**

Dit is 'n foto van sommige van die Hoogverraad-aangeklaagdes en is in 1956 geneem. Die fotograaf wou die foto in 'n park neem, maar die polisie het hom verhinder omdat dit sou beteken dat swart en wit saam sou sit. Uiteindelik is die fotograaf genoodsaak om verskeie foto's te neem en dit aan mekaar te plak om hierdie een te maak.




**Sommige van die verhoordes in die foto sluit Nelson Mandela, Ruth First, Joe Slovo, Walter Sisulu, Yusuf Dadoo en andere in.**

**BRON 5C**

Dit is 'n uittreksel uit *Long Walk To Freedom*, deur Nelson Mandela wat op sy ervarings tydens die Hoogverraadverhoor in die 1950's fokus.

Net na dagbreek op 5 Desember 1956 het ek 'n harde gehamer aan my deur gehoor. Ek het onmiddellik besef dat dit moeilikheid beteken. Slegs die Veiligheidspolisie het op so 'n manier geklop.

Nadat hulle my huis van hoek tot kant deursoek het, het die offisier in beheer aan my 'n lasbrief vir my inhegtenisname getoon. Die woorde 'HOOGVERRAAD - HIGH TREASON' het na my toe uitgespring.

My kinders het toegekyk toe ek weggelei is. Selfs al het ek geweet dat ek geen misdaad gepleeg het nie, het dit nie goed gevoel om voor my kinders gearresteer te word nie.

Ek is na Marshall Plein, 'n groot rooibaksteentronk in Johannesburg, geneem. Daar het ek baie van my kamerade, wat ook reeds gearresteer was, ontmoet. Binne die volgende paar uur het nog meer opgedaag.

...Ons is gou oorgeplaas na die Johannesburgse Tronk, of die Fort, soos dit algemeen bekend was. Met ons aankoms is ons na 'n buite-binnehof geneem en beveel om te ontklee. Later is ons in twee groot selle met sementvloere en een oop toilet geplaas. Daar was geen beddens of stoele nie en ons het op matte op die vloer geslaap. Ons het vir twee weke in die Fort gebly. Alhoewel ons onder haglike omstandighede gebly het, was ons gees goed.

...Net voordat die verhoor begin het, het hulle die verhoor verskuif van Johannesburg na Pretoria ... Dit was slegte nuus vir ons. Ons sou van ons ondersteuners geskei word. Dié van ons wat in Johannesburg gewerk het, sou ons werk nie langer kon behou nie. Dit was dus nog 'n ander manier waarop die staat probeer het om ons geesdrif te demp. Ons het om sesuur elke oggend Johannesburg in 'n groot bus met houtsitplekke verlaat. Ons het eers laat in die aand tuis gekom. In totaal het ons omtrent vyf ure elke dag op die pad gespandeer.

...Na meer as vier jaar in die hof, dosyne staatsaanklaers en duisende bladsye van getuienis, het die staat in sy missie misluk. Die uitslag was 'n verleentheid vir die regering, beide tuis sowel as oorsee. Nogtans het die uitslag die staat net meer verbitterd teenoor ons gemaak. Die les wat hulle hieruit geneem het was nie dat ons wettige griewe gehad het nie, maar dat hulle meer genadeloos moes wees.

## VRAAG 6: DIE TYDPERK 1976 TOT 1994

### 6.1 HOE EFFEKTIEF WAS DIE STUDENTEWEERSTAND IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's?

### BRON 6A


Hierdie is 'n artikel getiteld 'Pasop! Moeders en kinders aangerand omdat hulle skool toe gaan', wat in *Grassroots,* Oktober 1985, gepubliseer is.

In sy kenmerkende vertoning van mag teen vreedsame eise, het die polisie Wes-Kaapse skole vandeesmaand beset, om studente uit die skool te hou. Die hooffokus van die polisie se aandag was Alexander Sinton Senior Sekondêre Skool in Athlone, waar polisie, tot die tande toe gewapen, ouers, onderwysers en studente teengestaan het. Vreedsame, ongewapende mense is geslaan, met traangas bestook en in hegtenis geneem. Dit het alles begin as gevolg van mnr. Carter Ebrahim (Huis van Verteenwoordigers – Minister van Onderwys in die Driekamer Parlementêre Stelsel) se sluiting van meer as 460 opvoedkundige instellings in die Wes-Kaap – wat hy as die oorsaak van die onrus beskou het en wat verantwoordelik was vir die uitbreek van 'geweld'.

... Ouers, onderwysers en studente was vasbeslote (onwrikbaar) dat die opvoedkundige instellings (skole) aan hulle behoort het en ongeag wat Carter Ebrahim gesê het, was hulle vasberade om die skole self te heropen. Hierdie uitdagende houding het daartoe gelei dat etlike ouers, onderwysers en studente op Dinsdagoggend by skole opgedaag het. Ons het hierdie verslag van iemand op die toneel ontvang.

'173 persone, insluitend die prinsipaal en adjunk-prinsipaal, het die terrein van Alexander Sinton binnegegaan. Teen ongeveer 9 vm het meer as agt polisievoertuie die skoolterrein binnegegaan en beveel dat almal wat teenwoordig was, onder arres was. Omtrent 'n derde van dié wat gearresteer is, is in polisievoertuie gebondel – onder andere ouer vroue en kinders. Onlus-polisiemagte het uit Casspirs gestroom en het grondaanvalle op mense wat weerstand gebied het, deur klippe te gooi, geloods. Kinders het vreesbevange van die polisie af weggehardloop. 'n Ooggetuie het 'n jongeling in 'n skoktoestand na hom toe sien hardloop. Toe die jongeling omdraai, het die ooggetuie 'n gapende wond in sy rug gesien waaruit bloed gestroom het. Die jongeling was nie eens bewus daarvan dat hy geskiet is nie.'

**Die Suid-Afrikaanse Polisie probeer om 'n Studente-aktivis in die 1980's te arresteer.**



**BRON 6B**

Die aktivis, Eddie Daniels, het 15 jaar op Robbeneiland deurgebring. Met sy vrylating in 1985, het hy onderwys begin gee aan Garlandale High en was hy aktief betrokke by die vryheidstryd. Die volgende is 'n uittreksel uit sy boek *There and Back, Robben Island* 1964 -1979 (2002).

In die verlede was politiek hoofsaaklik die terrein van volwassenes, maar sedert die Soweto-opstand het die prentjie drasties verander. Teen 1985 was skoolkinders van standerd ses en hoër aktief betrokke ... Die kinders was goed georganiseerd en besonder braaf, ten spyte van die Noodtoestand [wat sedert Julie 1985 van toepassing was] ... Kinders is geslaan, gevange geneem en doodgemaak. Een van die mees berugte insidente was die 'Trojaanse Perd-slagting' toe 'n groep polisiemanne binne-in kratte agter op 'n staatspoorwegtrok weggekruip het [en toe die kinders dit bestorm het] uitgepeul het ... en blindelings met outomatiese gewere begin vuur het. Drie kinders is dood ...

## BRON 6C

Dit is 'n uittreksel uit 'n pamflet oor die Onderwyshandvesveldtog ('Education Charter Campaign'), wat in die 1980's aan skole versprei is.

**DIE ONDERWYSHANDVESVELDTOG (EDCC)**

'...*Tensy daar 'n aanvaarbare politieke terugvoer is oor die probleem van swart onderwys en die regering swart onderwys as 'n fundamentele probleem, wat saam apartheid gegaan het, aanspreek, sal opvoedkundige onrus endemies [verspreid] in swart gemeenskappe bly voorkom*' –( Dr. Alan Boesak, UDF Beskermheer en WCC President)

**OORSPRONG VAN DIE VELDTOG**

... Dit was na 1976, en in besonder gedurende die 1980-onderwysboikot, dat daar 'n versoek was vir nie-rassige en demokratiese onderwys. Daar is toe tot die gevolgtrekking gekom dat:
(i) Daar geen gemene begrip was oor wat gelyke onderwys beteken nie. Mense was onbewus van die on-demokratiese en rassistiese aard van die hele onderwyssisteem.
(ii) Daar was swak nasionale koördinasie en 'n gebrek aan 'n gemeenskaplike doel in die onderwysstryd.
Gevolglik het die 1981 Azaniese Studente-organisasie (AZASO), die Algemene Studenteraad (GSC) besluit op hierdie veldtog ... Hierdie veldtog is gebaseer op die volk se eise soos uiteengesit in die Vryheidsmanifes ['Freedom Charter'], dat die deure van Leer en Kultuur aan almal oopgemaak moes word.


**ORGANISASIES AAN DIE HOOF VAN DIE VELDTOG**

Die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS) het onmiddellik AZASO se besluit oor die EDCC gesteun, met die gevolg dat AZASO en COSAS hierdie veldtog gelei het. Die Nasionale Unie van Studente (NUSAS) en later die Nasionale Onderwysunie van Suid-Afrika (NEUSA) het ook die veldtog ondersteun.

**DOEL EN OOGMERKE VAN DIE EDCC**

Deur hierdie veldtog sal ons bydra tot die oplossing van die huidige onderwyskrisis deur:
(1) Insameling van eise van die mense rakende onderwys
(2) Duidelik 'n alternatief vir apartheidonderwys te definieer, bv. om 'n volk se onderwys te definieer
(3) Studente, jeugdiges, ouers, werkers, onderwysers en lede van die gemeenskap te mobiliseer, te onderrig en te verenig. Dit sal die stryd om demokratiese onderwys verbind aan die algehele stryd vir 'n vrye, verenigde en demokratiese Suid-Afrika.

**Sommige van die Leiers tydens die Stigting van die Onderwyshandves Veldtog in Maart 1986, Kaapstad**



**ERKENNINGS**

Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronmateriaal uit Engels.

ANC (n.d.) *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cronin, J et al 1986 *30 Years of the Freedom Charter*, (Johannesburg: Ravan Press)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
*New Nation publication* (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n.d.) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)


GAUTENG